

Source: RAPPORT

Date: 02-Nov-2003

Topic: 25

Ref No: 5942



1

ID: 03012388-01 Source Page: 17

# Wit en swart kán leer om hul ruimtes te deel

**Die histories wit universiteite is lankal nie meer wit nie, maar wit en swart leef nog grootliks by mekaar verby. Maar daar is raad – en hoop – om waarlik gedeelde ruimtes te skep, skryf JONATHAN JANSEN.**

**E**k verpes daardie bier-advertensies wat wys hoe wit en swart Suid-Afrikanners vrolik kuier – glimlaggende gesigte van mense wat dieselfde sport en bier geniet. Ek verpes hulle, want hulle is oneerlik.

Besoek enige kampus in Suid-Afrika en jy sien hoe klein groepies wit studente, Afrika- en Indiër-studente elk in hul eie hoekie kuier. Boksburg, heet die wittes s'n op een kampus. Nieu-Dehli die Indiërs s'n op 'n ander.

Ek vra dikwels studente tydens lesings, akademiese personeel tydens slypskole of ouers op skoolvergaderings om rond te kyk om hulle. Heeltemal onbeplan, sê ek dan, sit elkeen langs iemand wat net soos hy of sy lyk.

Party gehore lag beleef, senuagtig. Ander het 'n stortvloed verskonings vir dié "natuurlike apartheid": hulle het saamgery, hulle praat dieselfde taal, hulle is vriende . . .

Maar nooit laat iemand blyk dis eintlik alles onnatuurlik, 'n oorblyfsel van apartheid en sleg vir ons ontluikende demokrasie nie.

Dis nie oor die sitgewoontes van studente of ouers op skoolvergaderings wat ek dit het nie, maar oor die feit dat tien jaar ná die koms van ons nuwe demokrasie Suid-Afrikanners nog so diep gesegregeerd is in hul daaglikse lewe.

Ek praat nie van die situasies waar wit en swart noodgedwonge hul ruimte móét deel nie. Studente doen dit in lesingsale en koshuise en op gradeplegtigheide. Maar

**Die waarheid is, hierdie jong mense, wit én swart, is die produk van die stories wat volwassenes vertel – hergesirkuleer deur ouers, bevestig deur die kerk, vertroetel in die skole, verskans in sportklubs en van skerp kante voorsien deur hul tydgenote.**

dis só gereël deur die owerhede, dis nie vrywillige assosiasie nie. Dis waar die probleem van gedeelde sosiale ruimtes kop uitsteek. Studente, swart en wit, sukkel om ruimte te deel.

In koshuise sukkel wit stu-

dente om hul swart landgenote te akkommodeer. Dié heilige ruimtes was immers dekades lank die eksklusiewe tuiste van hul grootouers en ouers. Woonruimtes het komplekse kulturele identiteite ontwikkel. Boonop is dit vir baie wit studente hul eerste fisieke kontak met swart studente op gelyke grondslag.

## **Negatiewe diskoers**

Baie (gelukkig nie almal nie) wit studente bring na hierdie gedeelde ruimte 'n negatiewe diskoers oor swartheid, baie hou nie van gedwonge koshuisintegrasie nie en glo swart studente word nie op grond van meriete toegelaat nie.

Swart studente voel weer oorweldig deur wat hulle sien as 'n dominante, lewenskragtige en konserwatiewe kultuur; hulle voel vervreemd

Source: RAPPORT

Date: 02-Nov-2003

Topic: 25

Ref No: 5942



1

ID: 03012388-02 Source Page: 17

deur die taalpraktyk en dra op hul beurt met hulle saam 'n negatiewe diskoers oor witheid. Ook vir baie swart studente is dit hul eerste ervaring van intieme ruimtes deel met wit mense.

Universiteitsowerhede hanteer nie hierdie uitdagings goed nie. Die algemene reaksie is om vir die studente te preek, om vir hulle te sê hulle moet gewoon raak daaraan, om hulle 'n handboek oor koshuisgedrag in die hand te stop en om te dreig met optrede teen enigeen wat weier om die nuwe verblyfreelings te aanvaar.

Dus: van hierdie studente uit twee gemeenskappe met wyd uiteenlopende historiese ervarings en drasies teenoorgestelde persepsies van mekaar word verwag om wonderbaarlik oornag warm sosiale wesens te word wat die vrugte van diversiteit geniet wat 'n goedaardige demokrasie aan hulle geskenk het.

Die rede hoekom dit nie sal werk nie, het te doen met die stories wat die jong mense na hul universiteitslewe bring.

Vir baie wit studente is swart mense lui en onbekwaam, hulle het hul nutgevonde voorregte te danke aan regstellende aksie en hulle staan reg om al die wit mense se ruimte "oor te neem". Vir baie swart studente is wit mense ryk rassiste wat hul taal wil opdwing en vasbeslote is om swart studente "uit te sluit".

Die twee groepe voel hulle ontuis by mekaar.

Dis waar dat al hierdie jong mense ná 1976 gebore is, die meeste van hulle ná 1980, sodat hulle nie regstreekse ervaring het van die verskrikkinge van die apartheidsverlede het nie. Hulle het nie diensplig vir wittes in die apartheidsweermag meegemaak nie, of die onderdrukking van weerstand in die swartes se gemeenskapsorganisasies nie. Teoreties moet hulle dus onbeskrewede bladsye wees, ontgaan van die apartheidservaring.

Was dit maar so!

### Produk van stories

Die waarheid is, hierdie jong mense, wit én swart, is die produk van die stories wat volwassenes vertel – hergesirkuleer deur ouers, bevestig deur die kerk, vertroetel in die skole, verskans in sportklubs en van skerp kante voorsien deur hul tydgenote. Teen die tyd dat hulle by die universiteit aankom, het hulle reeds vaste menings oor mense wat anders is as hulle. Om hulle eenvoudig fisiek saam te gooi in dieselfde ruimte, is om spanning en tweedrag te saai.

Hul persepsie van mekaar word nie maklik verander nie, want hul

geslote sosiale kringe verhinder werklik betekenisvolle ontmoetings met die ander met wie hulle nou 'n koshuis moet deel.

Gelukkig is daar studente wat bereid is om uit die gemaksones van die eie te beweeg met vriendskappe oor die kleurgrense. Hulle sukkel nog met wantroue en etikettering in eie kring. Ek hoor steeds hoe wit studente (en soms selfs personeellede) wat vriende aan die "ander kant" het kafferboeties genoem word. Of hoe swart studente met wit vriende daarvan beskuldig word dat hulle "uitverkoop".

Maar geleidelik raak mense gewoon aan dié soort vriendskapsbande en help dit om die stereotipes wat wit en swart van mekaar het af te takel.

Uiteindelik, glo ek, sal alles verander.

Dis die jeug self wat my tot optimisme stem. Ek het groot vertroue in hulle. Ek werk met die room van ons jong mense, wit en swart. Al hoe meer vertel my dat hulle nou meer optimisties is oor die toekoms. Ek sien daagliks nuwe bande en vriendskappe. Sô was ek daar toe twee onderwysstudente – Surgeon Xolo, 'n arm student van Port Shepstone, en Lise Marie Harrison, wie se pa 'n senior offisier in die weermag is, se gesamentlike wiskundeprojek aangewys is as die beste by die Universiteit van Pretoria. Xolo, terloops, is die beste tweedejaar-wiskundestudent.

Ek weet daarom dat ons studente binne 'n geslag die giftige stories wat hulle uit ons verlede geërf het, kan vernietig.

Maar dit sal nie vanself en sonder pyn gebeur nie. Universiteite en die gemeenskap oor die algemeen sal 'n paar lesse oor sosiale integrasie moet leer.

### Gedeelde ruimtes

Onlangs het ek voorgestel dat die regering doelbewus gemeenskaplike beroepsruimtes skep vir swart en wit jong mense. Dié voorstel is deur veral regsgesindes misbruik vir 'n debat oor kwotas.

Die feit bly egter: net deur doelbewus sulke gedeelde ruimtes te skep, kan ons die ou stereotipes vernietig en sal nuwe (gedeelde) stories ontwikkel. Deur sulke ruimtes te skep,

word studente gehelp om mekaar te vind.

Ons behoort die studente te help om mekaar in hierdie gedeelde ruimtes te vind. Om studente in sulke ruimtes te ondersteun, beteken dat volwassenes in leiersposisies hulle moet gedra soos hulle wil hê die jong mense moet doen. Dit beteken dat ware vriendskap en samewerking tussen universiteitspersoneellede op alle vlakke ontwikkel moet word.

Om die gedeelde ruimtes te ontwikkel, beteken ook:

- dat studente-inisiatiewe om stereotipes te vernietig, erken en beloon moet word;

- dat betekenisvolle opvoedkundige situasies geskep moet word waarin swart en wit studente van mekaar kan leer;

- dat veilige forums ingestel moet word waarin jong mense met uiteenlopende agtergronde eerlik oor die verlede en toekoms kan praat;

- dat 'n hoopgewende diskoers onder die wit studente aangemoedig word, veral onder die wit jong mans, eerder as om nog verlamende stories van hopeloosheid en nederlaag te vertel; en

- dat sowel wêreldgehalte swart akademici aangestel word om te help om jong mense se persepsies van swart akademici te verander as jong wit mense wat belofte toon as groot geleerdes van die toekoms. Dit beteken die einde van diskriminasie op grond van geboortemerke omdat net die beste akademici, wit en swart, aangestel word.

Ons sal al ons foute van die verlede moet erken, eerder as om te hoop ontkenning laat hulle verdwyn. En ons sal boweal van ons private rassisme ontslae moet raak – die soort ding wat ons sê wanneer ander mense die vertrek verlaat – en die inherente waarde van alle mense moet erken.

Wanneer ons al hierdie dinge doen, of dit by die universiteite of in die res van die gemeenskap is, sal die jeug in dinge soos transformasie begin glo. Dis immers die beste wat ons vir ons land kan doen.

■ Prof. Jansen is dekaan van die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria.